## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

7 November 2013

Dagsê Almal

Ons sing met groot dankbaarheid “Ons Vader wat woon in die hemel... “ voor ons die deure oopmaak Saterdag 2 November om die markdag te open. Met ons denimhoedjies en blou hemde was dit seker heel snaaks vir die besoekers maar ons harte was voluit hierin en almal het dit geniet om te kon dien. Ons voete bene en lywe was redelik flenters maar dit was alles die moeite werd. R 11 000+ later kan ons terugkyk en op ons knieë “Dankie Vader” sê vir die hande en harte wat so oop was. Ons het nog heelwat kaartjies en ander items beskikbaar wat nie verkoop is nie en dit is beskikbaar by die Eljada Huis. Dus voor u ‘n geleentheidskaartjie elders gaan koop, kom maak gerus eers ‘n draai by ons. Ons maak ook baie graag die denimdrasakke op bestelling aangesien dit so ‘n “wil graag een hê” item tydens die mark was en bykans almal was vroeg al uitverkoop. Ek plaas ‘n foto daarvan op die webwerf en wil graag die storie daaragter met julle deel. ‘n Jong man met breinskade skeur die denimbroeke van sy lyf af en mamma het die flenter broeke begin stukkend sny en drasakke en plekmatjies daarvan begin maak. Annecke en Maureen het ons kom leer en dit is heerlik om die vroue te sien skep aan nog ‘n sak met al die kantjies, valletjies, knope en denim. Geen 2 sakke lyk dieselfde nie en ons is bereid om dit spesiaal vir jou te maak met ekstra klein sakkies en ritssluiters ook. Kom kuier en kies jou eie sak. Petro het verder gegaan en voorskote ook begin maak. Dus kan u maar gerus u ou denims skenk – ons gebruik dit met oorgawe. Ons dra ook graag hierdie mamma en haar seun in ons gebede op aan ons Skepper.

Die feestyd is om die draai en ons is besig om “wenslysies” op te stel. Ek het reeds die Brooklyn gemeente wat in ons behoefte aan lekkernye gaan voorsien en sal die ander behoeftes volgende week begin plaas. Ek sal dit ook op ons webwerf plaas.

Die spaarblikkies is beskikbaar vir die 2014 skoolfonds, skoolklere en skryfbehoeftes en kan by my afgehaal word. Ek kan dit ook aflewer by u. Laat weet maar want die tyd raak min. Ons eerste geval is Jo-ann se seuntjie Donovan(5) deur die Psigiater gediagnoseer is met Asperger sindroom (ligte outisme) en hy moet in ‘n skool naby ons geplaas word vir 2014 waar hy spesiale aandag sal kry. Ongelukkig word sy skoolgeld nie geborg nie en sy het geen ander inkomste behalwe die maakloon tans van die gebedskussings nie. Dit is nie voldoende nie en ek vra ondersteuning asseblief. Ons het die R200 registrasiefooi kon bybring maar sy moet maandeliks R800 betaal. Dit is maar een van die gevalle en aldus die spaarblikkie fondsinsameling om daarmee te kan help. Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete.

Annatjie

***************************************************

‘n Kort lysie van dringende behoeftes en ***BAIE DANKIE*** vir die items wat ek ontvang het:

- ***<u>Petro – R2400 vir haar tande</u>***. – sy vra my elke dag wanneer kan ek haar neem vir die tande. Sy was ons vetkoek koningin tydens die markdag. HELP ASB
- Eljada Huis – tuinstoele, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars en naaimasjiene.
- Ivon – Waaier en yskas
- Sonja – Waaier
- Margaret – Enkelbed en yskas
- Marie – Los stoele vir kombuistafel, los matte, yskas
- Hettie – Yskas en enkelbed matras.

****************************************************

Ons KOSNOOD is en bly maar ‘n konstante;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos mar garien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- Toiletware – toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol en spuitgoed.

---

**Bankbesonderhede**

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**

**Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**